# RANDJIENUUS

## 31 JULIE 2026

24 Julie was 'n onvergeetlike mylpaal toe die matrieks hul amptelike matriekafskeid-uitnodigings ontvang het. Die skoolsaal is in 'n betowerende ryk omskep en is met pragtige liggies gevul wat 'n skitterende atmosfeer geskep het.

Dit was die amptelike begin van 'n Sprokie vir 'n Stadskind, vol drome en groot verwagtinge. Die dekor en atmosfeer het die wêreld soos iets tussen die werklikheid en 'n droom laat voel.

Dit was die perfekte voorsmakie van die groot aand wat voorlê!




















## GASVRYHEIDSTUDIES

Ons graad 12-Gasvryheidstudies-leerders het die voorreg gehad om die *HTA (Hospitality Trainers and Associates)* en *The Hussar Grill* vir 'n onvergeetlike gastronomiese uitstappie te besoek. Die dag was vol waardevolle leergeleenthede – van vaardigheidsdemonstrasies en 'n toer deur die opleidingsfasiliteite, tot die belewenis van professionele restaurantdiens en 'n heerlike driegangmaaltyd. Ons leerders het eerstehands ervaar wat dit verg om uitnemendheid in die gasvryheidsbedryf te bereik. **Ons is ook trots om aan te kondig dat twee van ons Randjies hul onderhoude suksesvol geslaag het en volgende jaar hul kulinêre drome by *HTA* gaan uitleef.** Ons sien uit daarna om julle suksesverhale te volg.








# KULTUUR

## *ALLEGRETTO* TONEELFEES

Hoërskool Randburg is ongelooflik trots op **Keira Bester (gr. 11)** wat haar talente by die *Allegretto* Toneelfees se Monofees/Digiteater ten toon gestel het met die produksie, **"Tweegesprek"** , 'n teks deur Keira en Ethan Bester geskryf.



**Keira het uitmuntend presteer en ontvang** brons toekennings **vir:**

- ★ Spel en Regie
- ★ Kinematografie
- ★ Algehele Produksie

**Baie geluk met hierdie besondere prestasies!**

## EISTEDDFOD



ILANA VAN DEN BERG



MALEA AVIS

**Ilana van den Berg (gr. 11)** neem aan die eerste rondte van die *Con Spirito* Eisteddfod deel. Sy ontvang **drie A+++'e** vir haar houtskool-, akriel- en fotografiestukke. Sy ontvang ook 'n **A++** vir haar waterverfstuk.

**Malea Avis (gr. 10)** neem aan die eerste rondte van die *Con Spirito* Eisteddfod deel met vier dramastukke, een prosastuk en 'n Afrikaanse poësiestuk. Sy is die itemwenner in al hierdie stukke en dring na die Forte rondte van die Eisteddfod deur.

## REDENAARS

**Kiara Jordaan (gr. 8)** neem aan die Interskole Redenaars Provinsiale Rondte deel en ontvang 96% vir haar Afrikaans voorbereide toespraak. Sy dring hiermee deur na die **nasionale rondte** wat op 19 September plaasvind.



KIARA JORDAAN

# DANS



ANÉ BIRKENSTOCK



KARA BEHRENS



AMELIA KRUGER



ANNABELLE KIRSTEIN



JANIQUE KRUGER




**Ané Birkenstock (gr. 9)** het onlangs aan *Dance International* deelgeneem en twee "Gold" en twee "Ultimate Gold" toekennings vir haar items ontvang. Sy het ook aan die *ASSA Champions League* se tweede *Provincial Qualifier* deelgeneem. Sy het hier **een derde plek, een tweede plek en een eerste plek behaal**. Sy kwalifiseer ook vir die nasionale kampioenskappe later hierdie jaar.

**Kara Behrens (gr. 10)** neem aan die *SABOD World Qualifier*, as deel van *DS Dance se Show Troupe*, deel. Sy verwerf twee silwer medaljes en kwalifiseer vir die nasionale kampioenskappe later hierdie jaar. Kara neem ook aan die *DANCE International* in Centurion deel waar sy **een Gold Award en twee Ultimate Gold Awards verwerf het**. Haar groep se *jazz* item is as algehele wenners van die kompetisie aangewys.

**Amelia Kruger (gr. 10)** het onlangs aan die *PULSE* danskompetisie deelgeneem. Hier ontvang sy een eerste plek, twee tweede plekke en een vierde plek. Sy ontvang ook 'n "Special Award" vir haar *Liminal* item.

**Annabelle Kirstein (gr. 10)** het onlangs aan die *Planet Youth Performing Arts* kompetisie deelgeneem. Hier ontvang sy agt goue medaljes. Sy ontvang ook algeheel tweede plek vir haar *Acro*-stuk en algeheel derde plek vir haar liriese solostuk.

**Janique Kruger (gr. 11)** neem aan die *Dance Waves* kompetisie deel waar sy 'n algehele eerste plek vir haar liriese dans, tweede plek algeheel vir haar kontemporêre dans, vyfde plek algeheel vir haar *tap-solo*, tweede plek vir haar *jazz* en eerste plek vir haar *musical theatre* stuk behaal het.

# KOOR

Ons koor het op 28 Julie aan die NG Weltevreden **koorfees** deelgeneem. Ons het die gehoor behoorlik bekoor. Knap gedaan, Randjies, ons is baie trots op julle.






Ons koor het ons jaarlikse Randjie/Gimmie naweek (25 en 26 Julie) aangebied. Die kore is Saterdag op 'n uitstappie Voortrekkermonument toe. Dit was 'n wonderlike dag van leer en waardeer. Terug by die skool het ons lekker ge-"line dance" wat vet pret was! Saterdagaand het ons ook ons jaarlikse HS Randburg Hoërskole Koorfees by Fontainebleau Gemeenskapskerk aangebied. Dit was 'n pragtige aand. Bergsig Akademie, Trans Oranje skool vir Dowes, HS Linden, Gimnasium Potchefstroom en ons eie Randjiekoor het opgetree. Dit was 'n besondere aand. Om die naweek af te sluit het ons en Gimmies Sondagoggend tydens *Domus Dei* se erediens opgetree. Dit was 'n wonderlike naweek van vriendskap, leer en pragtige sang! **In die volgende uitgawe sal ons meer oor die koortoer uitbrei.**

























# UITSTAPPIE















# LYNDANS


KOORFEES
Hoërskool Randburg
Koorsang
Gimmies Koor
“Dies Iræ”
Micheal John Trotta

## SKUTS

Van 16 tot 18 Julie het 'n groep van ons skuts aan die Noord-Gauteng Ope deelgeneem. Hierdie kompetisie was 'n besondere ervaring, aangesien dit die eerste keer was dat hulle op 'n buitelug-skietbaan aan 'n kompetisie deelgeneem het. Ons is ongelooflik trots op elkeen van hulle! Skuts van so ver as die Noord-Kaap en Vrystaat het aan hierdie eerste buitelugkompetisie vir luggeweer- en lugpistoolskuts deelgeneem. Ons lugpistoolskuts het boonop vir die eerste keer aan die 25m-sportskiet-item op 'n buitelugbaan deelgeneem. **Die resultate is soos volg.**



**Lugpistool o. 21 – 10 m**
Derde – Chantal van der Bank

**Lugpistool o. 16 – 10 m**
11de – Chenicha van der Berg

**Lugpistool o. 16 – 25 m Sportskiet**
11de – Chenicha van der Berg

**Sporter o. 21**
Tiende – Kyle Folcher

**Sporter o. 16**
Vierde – Minay van der Merwe
Vyfde – Karien Botha
Sesde – Neil Knoesen

**Sporter o. 14**
25ste – Vaughn Botes

**Presisie o. 16**
Eerste – Annabelle Kirstein

Baie geluk aan al ons skuts met hul **uitstekende prestasies.** Julle het Hoërskool Randburg met trots verteenwoordig en waardevolle ervaring opgedoen. Ons sien uit na nog vele suksesvolle kompetisies!

# JUDO



**Ignatius Lombaard (gr. 11)** het hierdie vakansie aan die Afrika Ope Judo kampioenskap in Johannesburg deelgeneem waar hy Suid-Afrika in die kadette onder 60kg-kategorie verteenwoordig het. So het hy weer vir **Protea kleure** gekwalifiseer en het hy 'n **brons medalje** tydens hierdie toernooi verower.

Ignatius het ook aan die SA ope kampioenskap in Port Elizabeth in dieselfde kategorie deelgeneem waar hy 'n **silwer medalje** verower het.

Met hierdie prestasies het hy gewys harde werk lewer vrugte en ons wens hom baie, baie geluk met die uitsonderlike prestasies!

**KNAP GEDAAN**



# GHOLF

**Saret Bester en Ava Koortzen (albei graad 9)** het vanaf 14 tot 16 Julie 2026 aan die Afrikaans Hoër Meisieskool se gholftoernooi by Irene Gholfklub deelgeneem.

Die dogters het uitstekend tydens hul eerste toernooi gevaar en elke oomblik terdeë geniet. Hierdie ervaring het waardevolle blootstelling gebied en was 'n uitstekende geleentheid om hul vaardighede verder te ontwikkel.

Ons is ongelooflik trots op Saret en Ava se prestasie en entoesiasme. Ons sien reeds uit na volgende jaar se toernooi en hoop om nog meer Randjie-gholfspelers op die baan te sien. Baie geluk, Dogters! Ons is trots op julle!









Ons **gholfspelers** het op 28 Julie met die Wesrand Liga begin. Daar is tien skole teen wie ons deelneem. In ons eerste rondte was die uitslae as volg:

- Randburg A - **derde plek**
- Randburg B – **sesde plek**
- Randburg C - **negende plek**
- Randburg D - **15de plek**
- Randburg E - **19de plek**





## SKAAK

Die *cluster* rondte vir die Gauteng Individuele Skaakkampioenskappe het op 25 Julie by Everest Primary School plaasgevind en drie skaakspelers het deelgeneem: **o. 15-seuns, Junior Nkoane (gr. 9)** en **Matthew Van Eeden (gr. 8)** en **o. 17-dogter, Andrei Pretorius (gr. 11).**

Baie geluk aan **Junior en Andrei** wat deurgedring het na die provinsiale rondte vir die Gauteng skaakkampioenskappe.








# TAFELTENNIS

Baie geluk aan **Isabella Nel (gr. 12)** wat Gauteng Sentraal gedurende die vakansie met trots by die SA Tafeltenniskampioenskappe in Limpopo verteenwoordig het. Isabella en haar span het uitstekend gevaar en die kwarteindrondte van die spankompetisie gehaal. Ons is ongelooflik trots op Isabella se prestasie en die toewyding waarmee sy Hoërskool Randburg en Gauteng Sentraal verteenwoordig het. Baie geluk met hierdie besondere prestasie – ons wens jou alle sterkte met die res van jou tafeltennisloopbaan toe!






# RUITERSPORT

Op Saterdag, 18 Julie en Sondag, 26 Julie het **Mareli Wassermann (gr. 12) en *Bluemoonrising*** aan die Gauteng Streekskampioenskappe vir SANESA deelgeneem. By die streekskampioenskappe neem die top ruiters van die Gautengstreke (Gauteng-Wes, Johannesburg-Sentraal, Tshwane en Ekurhuleni) deel. Die top 12 ruiters in die streekskampioenskap word gekies om Gauteng in September by die Nasionale SANESA kompetisie te verteenwoordig.

Die kompetisie was sterk met baie ruiters (tot 42) in 'n klas.

**Mareli en *Bluemoonrising*** behaal die volgende plekke:

Tweede plek - *Dressage Freestyle – Prelim*
26ste plek - *Prix Caprilli – Beginner(a)*
28ste plek - *H1SJCL70cm CompetitionHr*

Mareli **kwalifiseer om die Gautengspan** vir *Dressage Freestyle* in September by SANESA Nasionaal **te verteenwoordig**.

Mareli is 'n matriekleerder wat elke jaar vir die SANESA Gautengspan gekwalifiseer het. Ons is ongelooflik trots op jou!



# RUGBY

Gedurende die eerste week van die vakansie het **Ruan Vorster (gr. 10)** saam met die **Goue Leeus o. 16B-rugbyspan** na Hoërskool Nylstroom gereis. Die span het 'n uitstekende toernooi beleef deur oorwinnings teen die Valke en Luiperds te behaal, gelykop teen die Bulle te speel en uiteindelik die goue medalje te verower. Baie geluk met hierdie groot mylpaal – mag dit die begin van nog vele suksesvolle rugbyhoogtepunte wees!




## Randjies blink uit by Rhino Week

Hoërskool Randburg is ongelooflik trots op ons rugbyspelers wat gedurende die skoolvakansie hul onderskeie streke met trots by Rhino Week verteenwoordig het.

BRONCOS O. 17 – RHINO WEEK KAMPIOENE

**Baie geluk aan:**

- Marno White
- Ruan Pretorius
- Owen Stevens

Die Broncos het 'n uitstekende toernooi beleef en is as die o. 17- Rhino Week kampioene gekroon.

SENTRAAL-WES O. 19 – DERDE PLEK

**Baie geluk aan:**

- Brandon Peterson
- Dwaine Scotson

Die Sentraal-Wes o. 19-span het 'n puik toernooi gespeel en 'n welverdiende derde plek behaal.

**Die volgende leerders het ook tydens die toernooi vir die *Lynx* o. 19-span deelgeneem:**

- Justin Erasmus
- Schalk Visser
- Logan Erasmus
- Phillip Kriel



**Leeus Luiperds Liga** – Liga-fase afgesluit - Hoërskool Randburg se rugbyspanne het uitstekende resultate in die Leeus Luiperds Liga se liga-fase behaal:

- o. 14A – **Eindig eerste**
- o. 15A – **Eindig eerste**
- o. 16A – **Eindig eerste**
- Derde span – **Eindig derde**
- o. 14B – **Eindig tweede**
- o. 15B – **Eindig tweede**
- o. 16B – **Eindig tweede**
- Tweede span – **Eindig tweede**
- Eerste span – **Eindig derde**

Ná afloop van die finale rondte begin die Noordvaal-kompetisie, waar ons **A-spanne** teen die beste van die Valke, Bulle, Limpopo en Pumas kragte sal meet.  Baie geluk aan al ons spelers en afrigters!
















'n Naweek om op trots te wees – ons is besonder trots op ons rugbyspanne wat Hoërskool Randburg fantasties by die Leeus/Luiperds finaal verteenwoordig het. Julle harde werk en toewyding is met uitstekende uitslae beloon!  Baie geluk, dit wil gedoen wees.

- **o. 14 A:** **Naaswenners** – verloor 17–14 teen Hoërskool Hartbeespoort.
- **o. 15 A:** **Wenners** – wen 21–10 teen Hoërskool Linden.
- **o. 16 A:** **Wenners** – wen 22–20 teen Hoërskool Linden.
- **Eerste XV:** **Wen** 32–17 teen Hoërskool Bastion en **eindig derde**.













## KRIEKET

Hoërskool Randburg se o. 15-krieketspan het 'n uitstekende toer na Merensky onderneem, waar hulle teen Hoërskool Eldoraigne (o. 14 en o. 15), Hoërskool Pietersburg en Merensky te staan gekom het. Die span het deurgaans karakter, veggees en deursettingsvermoë getoon. Hulle het 'n indrukwekkende oorwinning van 84 lopies oor Hoërskool Pietersburg behaal, terwyl hulle in drie baie mededingende wedstryde nét-net tekort geskiet het.

Baie geluk aan **Luke Cloete, Thinus Otto, Andrew Holmes, Tiaan-Rick Swanepoel, Bion Meyer en Jaco Botha**, wat vir hul uitstekende vertonings in die Merensky *Dream Team* opgeneem is. Baie geluk, Manne! Julle het Hoërskool Randburg met trots verteenwoordig en kan met reg trots op julle prestasies wees.





Hoërskool Randburg se **o.14A-krieketspan** het aan die Lowveld *Invitational* by Penryn College in Witrivier deelgeneem. Buiten uitstekende krieket, was dit 'n toer vol waardevolle ervarings waar die seuns baie geleer het, sterk vriendskappe gebou het en die Randburg-gees met trots uitgedra het.

### Dag 1 – Lowveld *Invitational*

Randburg teken 228 aan en boul Lowveld uit vir 56. Wen met 172 lopies.

**Uitblinkers:**

- **Ben Aucamp** – 64 lopies
- **Liam Harmse** – 75 lopies

### Dag 2 – Hoërskool Garsfontein A

Garsfontein A: 168/5 (20 boulbeurte)
Randburg: 116/20 boulbeurte

**Uitblinker:**

- **Marco Lombaard** – 31 lopies

### Dag 2 – Hoërskool Menlopark B

Randburg: 110
Menlopark B **wen** met ses paaltjies.

### Dag 3 – JR Academy

Randburg: 118
JR Academy wen met vyf paaltjies.

**Uitblinker:**


- Julian Hildebrand – 52 lopies

### Dag 3 – Penryn College

Randburg: 257
Penryn College: 88
Randburg wen met 169 lopies.

**Uitblinkers:**

- **Marco Lombaard** – 92 lopies
- **Ben Aucamp** – 78 lopies
- **Julian Hildebrand** – 52 lopies



### Dag 4 – Hoërskool Garsfontein B

Garsfontein B: 147 (20 boulbeurte)
Randburg: 151/2
Randburg **wen** met agt paaltjies.

**Uitblinker:**

- **Christiaan Postumus** – 78 lopies




Baie geluk aan al die spelers met hul uitstekende vertonings. Die toer was 'n groot sukses en die seuns het nie net waardevolle wedstrydervaring opgedoen nie, maar ook as span gegroei en onvergeetlike herinneringe saam geskep.









Baie geluk aan **Joshua Swart (gr. 10),** wat aan die *National Premier League* o. 16-kriekettoernooi deelgeneem het.

Die toernooi het 56 van die beste o. 16-krieketspelers van regoor Suid-Afrika byeengebring, waar Joshua sy merk uitstekend gemaak het. **Hy is in sy span se eerste wedstryd as *Speler van die Wedstryd* aangewys.**

Joshua se span, Western Buffaloes, het die **toernooi** uiteindelik **gewen** – **'n uitsonderlike prestasie op nasionale vlak.**

Baie geluk met hierdie besondere mylpaal!








## KARATE

**Roxy Barnard (gr. 11)** het op 27 Junie aan die *National SARMAF SA Championships* wat in Sasolburg aangebied is, deelgeneem. **Roxy het hier die volgende plekke behaal:**

- **Eerste plek** vir Kata
- **Tweede plek** vir Kumite
- **Tweede plek** vir *Team Kata*

As erkenning vir haar uitstekende prestasies is Roxy ook met *SARMAF 2026 CHAMPS*-kleure vereer.



**Baie geluk, Roxy met jou goeie prestasies!**

# HOKKIE

Hoërskool Randburg hokkie skitter tydens die vakansie. Tydens die skoolvakansie het verskeie leerders en afrigters van Hoërskool Randburg die voorreg gehad om ons skool op provinsiale, *franchise*-, klub- en distriksvlak te verteenwoordig. Ons is besonder trots op hul prestasies en bydraes tot die spel.

## SKEIDSREGTERS:

- Chantal van der Bank (gr. 12) is gekies om as skeidsregter by die o. 16A Nasionale IPT by St Anne's College (KZN) op te tree, waar sy waardevolle ervaring opgedoen het.
- Charlene-Mari van der Bank (gr. 12) het as skeidsregter by drie SASHOC Streekstoernooie opgetree, meer as 25 wedstryde behartig en is na 'n ML1-skeidsregter opgegradeer. Sy is ook gekies om verskeie uitspeel- en finale wedstryde te hanteer.
- Lizzy van Niekerk (gr. 11) en Heinrich Kloppers (gr. 12) het by drie SASHOC- streekstoernooie as skeidsregter opgetree.
- Jessica Hechter (gr. 12) het gedurende die skoolvakansie ook as skeidsregter by verskeie skoolhokkietoernooie opgetree.










## AFRIGTERS:

- Zoë Duminy – Afrigter van die o. 12-SG D10-span (**vierde plek**)
- Milan Horn – Afrigter van die o. 13-SG D10-span (**goue medalje)**
- Faizel Abrahams – Afrigter van die o. 18-SG D-span (**goue medalje**)
- John-Henry Horn – Afrigter van die o. 14-SG B-span (**goue medalje**)



## SPELERS:

Die volgende leerders het gedurende die vakansie aan *franchise*- **en klubhokkie** deelgeneem. Dankie dat julle aanhou hard werk tydens die skoolvakansie!

- **Jessica Hechter (Gr. 12)** – (Haar span wen die toernooi.)
- **Arnu Steenberg (Gr. 9)**
- **Marnus Koen (Gr. 8)**
- **Desré Claasens (Gr. 11)**



## D10-DISTRIKSPANNE:

Ons wil ook graag die volgende spelers gelukwens met hul verkiesing tot die D10-distrikspanne. Hierdie prestasie is 'n bewys van hul harde werk, toewyding en talent.

**Meisies:**

o. 14: Unako Mfabe, Claudia Leach, Jayden de Wet
o. 16: Mikayla Rossouw, Karla Fouchee, Mila Boshoff, Dené Fourie
o. 18: Daniella Kitching, Lize Greef, Jenica Pottas

**Seuns:**

o. 16: Ruben Jacobs, Waytt Bekker
o. 18: Liam Peek, Janrich Birkenstock, Zivan Pruis, Graeme Kitching




Baie geluk aan al ons spelers, skeidsregters en afrigters met hierdie uitstekende prestasies. Julle harde werk, toewyding en passie vir hokkie is 'n inspirasie en maak Hoërskool Randburg besonder trots. Ons wens julle alle sterkte met die res van die seisoen toe.

Geluk!

# NETBAL

**Heidi Ferreira, Leigh-Mari van Tonder (albei gr. 9) en Ruach Brits (gr. 8)** het tydens die vakansie Gauteng by die nasionale *All Ages* netbaltoernooi verteenwoordig. Heidi en Leigh-Mari het in die o. 15-afdeling deelgeneem, terwyl Ruach in die o. 14-afdeling meegeding het.



Heidi Ferreira



Heidi was deel van die Gauteng Lambda-span wat met die goue medalje weggestap het.





Leigh-Mari was deel van die Gauteng Delta-span, wat 'n silwer medalje verower het.

Leigh-Mari van Tonder







Katy Ndlovu

Ruach se Gauteng Delta-span het ook uitstekend gevaar en met 'n silwer medalje geëindig.

Ruach Brits

Well Done

Spesiale gelukwense ook aan Juffrou Katy Ndlovu, wat tydens die toernooi as skeidsregter opgetree het en haar SASN-gradering ontvang het.

HOËRSKOOL RANDBURG
BIED AAN

# KRIEWELFEES
# 2026

**3 AUG** PRAISE & WORSHIP — GRATIS

**4 AUG** MATRIEKSPOGAAND

**5 AUG** TIENERTONEEL

**6 AUG** TIENERTONEEL

**7 AUG** STERAAND

HOËRSKOOL RANDBURG
SLAGGEREED

**R30 per aand**
**R100 seisoenkaartjie**

## 3 - 7 AUGUSTUS



# KLEREBANK

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorraine Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

TYE – 12:30 TOT 14:15
(WOENSDAGMIDDAE)

Kaartbetalings
alleenlik
na 14:00




# RANDJIE GEBEDSWAG

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU. Almal is welkom!**



# PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.** **<u>Prosedure:</u>** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES


**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**









# LA COURONNE DENTAL CARE

Is **verstandtande, draadjies** of **Invisalign** in jou toekoms?

## Ons bied:

- **Verstandtand-verwyderings** in stoel of teater
- **Draadjies** vir reguit tande
- **Deursigtige belyners** b.v. **Invisalign** vir reguit tande




**Bel ons vandag** om jou afspraak te maak:

**011 792 2555**



Whatsapp: 079 412 9156
168 Oak Avenue, Robin Acres, Randburg
info@lacouronnedental.com : www.lacouronnedental.com

NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIêRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

## KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org



a² + b² = c²
y = mx + b
a
c
b
Wiskunde
Sukses Begin Hier!
Die 3de kwartaal is besig en propvol moeilike werk.
Moenie wag vir die eindeksamen nie - kry NOU die regte hupstoot!
Graad 4 tot 12 Wiskunde-ondersteuning:
INTIEME KLASSE
vir maksimum individuele aandag.
KRAGTIGE BEGRIP
Ons breek moeilike konsepte af sodat dit maklik verstaanbaar is.
EKSAMEN-GEREED
Doelgerigte voorbereiding vir top resultate.
Bou selfvertroue
Behaal jou beste!
FLORIDA GLEN
ERIKA: 079 889 5271
erikaharmse@gmail.com
Beperkte spasie beskikbaar
vir die 3de kwartaal!
π = 3,14
(x+y)² = x² + 2xy + y²
Bou vandag 'n sterker toekoms!

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **AUGUSTUS 2026** | | | | | **1**<br>Netbal SASN DSTV EG Jansen<br>**Rugby: Noordvaal Uitspele**<br>Skiet GSSU Liga 5 H/S Florida<br>Skaak: Streeks Individuele rondte<br>Skaak: Alex Forbes Battle Nasionale rondte | **2**<br>Skiet GSSU Liga 5 H/S Florida |
| **3**<br>**Toets 1**<br>**Kriewelfees**<br>Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool | **4**<br>**Kriewelfees**<br>Koor optrede tydens saal<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>Gholf Wesrand Liga (CMR) | **5**<br>**Kriewelfees**<br>Robotika 14:00 | **6**<br>**Groepfotodag**<br>**Kriewelfees** | **7**<br>**Kriewelfees saalbyeenkoms**<br>Acapella Sêr Uitdunne<br>o/15 Hokkiedogters Noordvaal Pta | **8**<br>**Rugby Noordvaal ¼ finaal**<br>Acapella Sêr Uitdunne<br>o/15 Hokkiedogters Noordvaal Pta | **9**<br>**Vrouedag**<br>o/15 Hokkiedogters Noordvaal Pta |
| **10**<br>**Publieke Vakansiedag**<br>o/15 Hokkiedogters Noordvaal Pta | **11**<br>**Toets 2**<br>Koor Eisteddfod in skoolsaal 18:30<br>Gr 12. FW Verlengde skool | **12**<br>Robotika 14:00<br>**Gr 12 Top Presteerders ete** | **13**<br>**Toets 3**<br>SASN Netbal Motsepe<br>Laerskole Landloop (t)<br>Gholf Wesrand Liga (CMR)<br>Gr 12 Ontwerp & Kuns Retrospective uitstalling (klubhuis) | **14**<br>Gr 10 RTT (t) sit 6:30<br>RNA<br>SASN Netbal Motsepe<br>Tennistoer: Buffelspoort Prestige<br>Gr 10 RTT toets (sit 6:30) | **15**<br>SASN Netbal Motsepe<br>Tennistoer: Buffelspoort Prestige<br>**Rugby: Noordvaal semi-finaal**<br>Fietsry Byeenkoms 3<br>Landloop: CGA | **16**<br>**Koor: Kerkoptrede NG Helderkruin**<br>Tennistoer: Buffelspoort Prestige<br>Skaak: Alex Forbes Battle Top 16 |
| **17**<br>BL Vergadering<br>**Toets 4**<br>Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Sentraal Gau Eisteddfod (t)<br>Tienertoneel Pta (ATKV) | **18**<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>Sentraal Gau Eisteddfod (t)<br>**Netheidskontrole**<br>Tienertoneel Pta (ATKV) | **19**<br>Gr 10&11 IT (t) en Drama<br>Sentraal Gau Eisteddfod (t)<br>Robotika 14:00<br>Landloop: Cluster @ Vorentoe | **20**<br>Sentraal Gau Eisteddfod (t)<br>**Toets 5** | **21**<br>Sentraal Gau Eisteddfod (t)<br>Koor Eisteddfod in skooltyd (skoolsal)<br>**Gr 9 Vakkeuse vorms in**<br>Skiet SAARA Limpopo<br>Robotika Kompetisie (Curro Aurora) | **22**<br>**Rugby: Noordvaal Finaal**<br>Skiet SAARA Limpopo<br>Skaak: Distrik Top Skole Kampioenskappe (vierkant)<br>Robotika kompetisie (Curro Krugersdorp)<br>Reunie klas van 2016 (klubhuis)<br>Sentraal Gau Eisteddfod (t)<br>Landloop: Curro Hazeldean | **23** |
| **24**<br>Admaths Gr 8-12<br>**Toets 6**<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Sentraal Gau Eisteddfod (t)<br>Tienertoneel – Pronk Podium Die Wilgers Pta | **25**<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>Sentraal Gau Eisteddfod (t) | **26**<br>Gr 10 IT (p) sit 6:30<br>Sentraal Gau Eisteddfod (t)<br>Robotika 14:00 | **27**<br>Sentraal Gau Eisteddfod (t)<br>**Toets 7** | **28**<br>RNA<br>Sentraal Gau Eisteddfod (t)<br>Skiet GSSU liga 6 H/S Florida<br>Skaak: Gauteng Top Skole Prov Kampioenskappe | **29**<br>Fietsry Byeenkoms 4<br>Skiet SAARA Limpopo<br>Old Boys Krieket (t)<br>Sentraal Gau Eisteddfod (t)<br>Landloop: Distrik | **30** |
| **31**<br>**Toets 8** | | | | | | |